INHOUDSOPGAWE

			Bladsy
1.	ALGEMENE INLIGTING		1 - 2
2.	VERSLAG VAN DIE TESOURIER		3 - 8
3.	REKENINGKUNDIGE BELEID		14-Sep
4.	BALANSSTAAT		15
5.	INKOMSTESTAAT		16
6.	KONTANTVLOEISTAAT		17
7.	AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIëLE STATE		18 - 30
8.	AANHANGSELS		
	A	OPGEHOOPTE FONDSE, RESERWES, TRUSTFONDSE EN VOORSIENINGS	31
	B	EKSTERNE LENINGS EN INTERNE VOORSKOTTE	32
	C	ONTLEDING VAN VASTE BATES	33
	D	ONTLEDINGS VAN INKOMSTE EN UITGAWE VIR DIE JAAR WAT OP 30 JUNIE 2004 GEEïNDIG HET	34
	E	GEDAILLEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR WAT OP 30 JUNIE 2004 GEEïNDIG HET	35
	F	STATISTIESE INLIGTING	36 - 37

TESOURIERSVERSLAG: 2007/2008

1 INLEIDING

Dit is vir my aangenaam om ’n beknopte oorsig van die bedryfsresultate vir die afgelope boekjaar hieronder weer te gee.

Die werklkike totale uitgawe het R18 972 998 beloop, teenoor ’n begrote bedrag van R20 758 963. Daar was derhalwe ’n besparing van R1 785 965, of 8,6%. Die grootste besparing het, soos in die verlede, onder personeelverwante koste en instandhouding voorgekom. Soos in vorige jare verduidelik, beinvloed die feit dat die begrotings lank voordat daar met vakbonde oor ’n salarisaanpassing ooreengekom is, opgestel moet word om aan die Wet te voldoen. Dit sal dus maar altyd ’n probleem wees om salarisbegrotings meer realisties op te stel. ’n Afwyking van onder 10% is egter algemeen aanvaarbaar.

Wat inkomste betref, het die werklike inkomste R18 201 587 beloop teenoor ’n beraamde bedrag van R20 763 816. Dit is R2 562 229, of 12.3% minder as waarvoor begroot is. Afname in inkomste uit feitlik alle dienste het voorgekom, wat myns insiens ’n weerspieëling is van die afname as gevolg van hoër rentekoerse op ekonomiese aktiwiteite van die gemeenskap.

Die uitwerking van die bedryfsresultate soos hierbo geskets, het tot gevolg gehad dat ’n bedryfstekort van R771 410 aangeteken is. Wanneer waardevermindering op vaste bates, wat nie ’n werklike kontantuitvloei verteenwoordig nie, egter in aanmerking geneem word, lewer die bedryfsaktiwiteite ’n surplus van R2 114 019. Daar moet egter in gedagte gehou word dat Staatsubsidies van R4 582 959 by die inkomste ingesluit is. Die afleiding kan dus gemaak word dat die Raad ver bokant sy eie vermoë "leef", wat in elke huishouding rede tot kommer is en op bankrotskap afstuur.

2 BEDRYFSRESULTATE

Besonderhede van die bedryfsresultate per departement en soort inkomste of uitgawe word in Aanhangsels D en E tot die Finansiële State gegee. Enkele statistiek wat op die finansiële resultate vir 2007/2008 betrekking het, word in Aanhangsel F getoon. Die algehele bedryfsresultate vir die jaar was as volg:

INKOMSTE	Werklik 2007 R	Werklik 2008 R	Afwyking 2007/2008 %	Begroting 2008 R	Afwyking Werklik/ Begroting %
Oorskot aan die begin van jaar	2 741 020	4 644 800	69.46%	2 741 020	0.00%
Bedryfsinkomste vir die jaar	16 144 858	18 201 587	12.74%	20 785 963	-12.43%
	18 885 878	22 846 387		23 526 983	
UITGAWE					
Bedryfsuitgawe vir die jaar	16 865 147	18 972 998	12.50%	20 763 816	-8.62%
Aanwendings	-2 624 069	-2 219 356	-15.54%	-2 825 121	-21.44%
Oorskot aan die einde van jaar	4 644 800	6 092 744		5 588 286	9.03%

2.1 Belasting- en Algemene Dienste

	Werklik 2007 R	Werklik 2008 R	Afwyking 2007/2008 %	Begroting 2008 R	Afwyking Werklik/ Begroting %
Inkomste	12 822 324	14 454 985	12.73%	14 150 548	2.15%
Uitgawe	13 458 456	14 821 998	10.13%	15 608 315	-5.04%
Tekort	-636 132	-367 013		-1 457 767	
Tekort as % van uitgawe	0.47%			9.33%	

2.2 Handelsdienste

1. Elektrisiteitsdiens

	Werklik 2007 R	Werklik 2008 R	Afwyking 2007/2008 %	Begroting 2008 R	Afwyking Werklik/ Begroting %
Inkomste	2 371 922	2 621 919	10.54%	2 666 775	-1.68%
Uitgawe	2 358 396	2 824 192	19.75%	2 951 440	-4.31%
Oorskot	13 526	-202 273		-284 665	
Oorskot as % van uitgawe	3.89%	1.32%		17.80%	

2. Waterdiens

	Werklik 2007 R	Werklik 2008 R	Afwyking 2007/2008 %	Begroting 2008 R	Afwyking Werklik/ Begroting %
Inkomste	893 703	1 095 582	22.59%	2 026 526	-45.94%
Uitgawe	991 387	1 297 706	30.90%	2 150 372	-39.65%
Oorskot	-97 684	-202 124		-123 846	
Oorskot as % van uitgawe	67.14%	22.26%		11.14%	

'n Algemene kenmerk van die bedryfsresultate van die handelsdienste is dat die surplusse wat gegenireer is, in alle gevalle minder as die van die vorige boekjaar was. Dit is dus duidelik dat aandag aan die tariewe ten opsigte van alle dienste aandag gegee sal moet word. Hierdie opmerking moet saamgelees word met dit wat hierbo gesê is oor die Raad se eie vermoë om voldoende inkomste te genereer. Daar word besef dat Laingsburg nie 'n groot inkomste basis het nie, maar die klem moet dan val op drastiese besparings. Besparings op uitgawe was nog altyd 'n baie goeie bron van addisionele inkomste.

3 KAPITAALUITGAWE EN -FINANSIERING

Besteding aan nuwe bates en uitbreiding en opgradering van bestaande bates het gedurende die jaar R2 720 475 beloop wat soos hieronder onder die verskillende dienste aangedui word en gefinansier is uit bronne soos aangedui:

DIENS	Werklik 2007 R	Begroot 2008 R	Werklik 2008 R
Belasting en Algemene Dienste	6 258 663	2 165 949	2 994 430
Handelsdienste	1 065 020	554 526	1 234 120
Behuisingsdiens	0	0	0
	7 323 683	2 720 475	4 228 550

FINANSIERINGSBRON	Werklik 2007 R	Begroot 2008 R	Werklik 2008 R
Interne Fondse	650 650	1 225 100	858 950
Eksterne skenings en subsidies	12 122 128	3 003 450	1 861 628
	12 772 779	4 228 550	2 720 579

'n Volledige ontleding van kapitaalbesteding (begroot en werklik) per departement, klassifikasie of diens word in Aanhangsel C tot die Finansiële State gegee.

4 BELEGGINGS EN KONTANT

Omdat daar 'n sloering is met die uitbetaling van staatsbydrae vir kapitaalprojekte, moet fondse redelik likied gehou word om tydelike voorskotte uit eie bronne te maak om kontrakteurs te betaal. Gevolglik word surplus fondse hoofsaaklik op aanvraagdepositos gehou waar rentekoerse tans laag is.

Die bedrag wat op 30 Junie 2008 by plaaslike banke belê was, het R11 548 730 beloop. Die renteopbrengs was R1 178 168 wat op die gemiddelde beleggingsaldo bereken, ongeveer 10.37% verteenwoordig.

Bo en behalwe die kontant wat op kort termyn belê was, het die lopende bankrekening 'n gunstige saldo van R1 766 835 getoon, maar indien uitstaande tjeks wat nog nie op 30 Junie 2008 by die bank aangebied was nie, in aanmerking geneem word, toon die bank 'n gunstige saldo van R437 076.

5 FONDSE EN RESERWES

Die stand van die verskillende fondse, reserwes en voorsiening word in Aanhangsel A tot die Finansiële State uiteengesit.

6 TRUSTFONDSE

Die Raad het op 30 Junie 2008 oor geen Trustfondse beskik waaroor verslag gedoen moet word nie.

7 FINANSIëLE AANWYSERS

Die prestasies van die bedryfsaktiwiteite van die boekjaar, word in die verhoudings hieronder weerspieël:

6.1 Verhouding van bedryfsbates tot bedryfslaste:

	2008	2007
Bedryfsbates	16 161 766	15 045 860
Bedryfslaste	3 221 482	3 482 744
Verhouding	5.01:1	4.32:1

Die aanvaarde norm is **2:1**

6.2 Omsetsnelheid van debiteure:

Totale debiteure*	2 705 536	1 483 166
Totale inkomste	7 755 636	5 978 923
Aantal dae	127.33	90.54
Aantal weke	18.14	12.9

Die aanvaarde norm is **42-56 dae (5-8 weke)**

* Sluit nie verskuldigde Staatsbydraes en -subsidies in nie.

6.3 Verhouding van eksterne en interne skuld tot totale skuld:

Eksterne lenings	0	0
Interne lenings	0	757 290
Totale skuld	0	757 290
Eksterne as % van totaal:	0	0
Intern as % van totaal	0	100

6.4 Gemiddelde leningstydperke (jare):

Interne lenings	0	5
6.5 Kapitaalkoste as % van totale inkomste:	0.00%	0.00%
6.6 Bedryfskapitaalreserweverhoudings:		
- 6.6.1 tot totale uitgawe:		
Saldo van Bedryfskapitaalreserwe	1 140 575	1 140 575
Totale uitgawe	18 972 998	16 865 147
Maande gedek	0.06	0.68
- 6.6.2 tot totale debiteure:		
Saldo van Bedryfskapitaalreserwe	1 140 575	1 140 575
Totale debiteure	7 755 636	5 978 923
Reserwe:Debiteure verhouding	0.15:1	0.19:1

Die verhoudings onder 6.6 hierbo weerspieël die agteruitgang in die Raad se reserwes. Nie baie lank gelede nie, het hierdie reserwe oor 'n kontantsdaldo van oor die R3 000 000 beskik.

6.7 Uitgawe per uitgawehoof as % van totale uitgawe:

	20 08		20 07	
	R	%	R	%
Salarisse, lone en toelaes	6 658 493	27.92	5 389 824	26.60
Algemene onkoste	14 712 657	61.68	12 656 807	62.47
Herstel- en onderhoudskoste	779 571	3.27	680 489	3.36
Aankoop van elektrisiteit	1 701 508	7.13	1 532 231	7.56
Aankoop van water		0.00	0	0.00
	23 852 229		20 259 351	
Min: Bedrae uitgedebiteer	4 852 903		3 394 203	
Totale uitgawe	18 999 325		16 865 148	

7 KONTANT

Die Raad se lopende bankrekening het op 30 Junie 2008 'n batige saldo van R437 076 getoon, teenoor 'n nadelige saldo van R778 428 op 30 Junie 2007.

8 UITSTAANDE DEBITEURE

Die totale bedryfsdebiteure waaroor die Raad beheer kan uitoefen het toegeneem tot R1 613 630. Die bedrag het op 30 Junie 2007, R1 157 025. By hierdie bedrae is die Meerdoelige Sentrum en die Leerwerkprojek nie ingesluit nie. Die grootste enkele debiteure-groep, ingesluit by die R1 613 630, is eiendomsbelastingbetalers. Daar sal meer drasties teen hierdie groep opgetree moet word. Wat die Meerdoelige Sentrum en die Leerprojek betref, moet daar 'n beter reëling met die Staat getref word, of as alternatief moet die Raad nie meer optree as tussenganger vir die finansiering van hierdie projekte nie.

Besonderhede van die uitstaande debiteure verskyn hieronder:

	Saldo 2008 R	Saldo 2007 R	Styging/ (Afname) %
Eiendomsbelasting	896 402	643 948	39.20
Dienste	343 374	287 896	19.27
Behuising	153 484	145 751	5.31
Huur	44 560		100.00
Vrugtelose Uitgawe	252 325		100.00
Staat	581 719	326 141	78.36
Diverse	175 415	79 431	102.08
Ontvanger (BTW)	258 256	0	100.00
	2 705 535	1 483 167	82.42

10 AFSLUITING

Ter afsluiting wil ek die Raad, die Munisipale Bestuurder en alle ander personeel van die Raad asook die konsultante wat gedurende die jaar ondersteunende hulp aan die Tesouriedepartement verleen het bedank vir hulle ondersteuning en bydraes.

TESOURIER/REKENMEESTER
28 Augustus 2008

1. BASIS VAN AANBIEDING

1.1 Hierdie finansiële state is opgestel om grootliks te voldoen aan die standaarde neergelê deur die Instituut van Munisipale Finansiële Beamptes (IMFO) in sy Gebruikskode vir die Rekeningkunde van Plaaslike Owerhede (1992) en die Verslag oor die Standaardisering van die Finansiële State van Plaaslike Owerhede (jongste gewysigde uitgawe). Daar is ook begin met die implimentering van die standaarde voorgeskryf deur GAMAP sover dit die finansiering van bates en gepaardgaande waardevermindering daarop, betref. Die bates word egter nog volgens die voorskrifte van IMFO in die state getoon.

1.2 Die finansiële state word op die historiese kostebasis opgestel en aangepas vir kapitaaluitgawe, soos uiteengesit in aantekening 5. Behalwe vir die opmerking hierbo oor die implimentering van GAMAP, stem die rekeningkundige beleid ooreen met die van die vorige jaar.

1.3 Die finansiële state word volgens die toevallingsgrondslag opgestel:
- Inkomste word erken wanneer dit meetbaar en invorderbaar word. Sekere direkte inkomste soos begraafplaasgelde en verkeersboetes word erken wanneer dit betaal word.
- Uitgawe word erken in die jaar waarin dit aangegaan word.

2. KONSOLIDERING

Die balansstaat omsluit Belasting- en Algemene Dienste, die Handelsdienste en verskillende fondse en voorsienings. Alle interdepartementele transaksies word teen mekaar verreken, behalwe in die geval van elektrisiteit, water, riool en vullisverwydering wat as inkomste en uitgawe in die onderskeie departemente behandel word.

3. VASTE BATES

3.1 Eiendomme, aanlegte en toerusting word getoon teen koste minus opgehoopte waardevermindering, behalwe grond en geboue wat van tyd tot tyd geherwaardeer word en teen herwaardeerde waarde getoon word. Die waardevermindering word oor die leeftye van die verskillende bates, soos hieronder uiteengesit, afgeskryf. Erfenisbates soos monumente, word teen koste getoon en geen waardevermindering word daarteen afgeskryf nie omdat daar onsekerheid is oor die nuttige leeftyd van sodanige bates. Insgelyk word daar ook nie op grond enige waardevermindering afgeskryf nie omdat dit aanvaar word dat grond ’n oneindige leeftyd het.

3.2 Wanneer eiendom, aanlegte of toerusting om een of ander rede in waarde afneem, word die boekwaarde dienooreenkomstig aangepas en die afname in waarde as uitgawe in die bedryfsrekening erken, behalwe waar die afname in waarde afgesit kan word teen ’n vorige herwaardasie.

3.3 Wanneer ’n bate omgeruil word met ’n bate sonder monitêre waarde of met ’n bate waarvan die waarde gedeeltelik monitêr en gedeeltelik nie-monitêr is, word die bate teen die redelike waarde van die geruilde bate te boek gestel. Waar redelike waarde vir die geruilde bate nie bepaal kan word nie, word die geruilde bate teen die waarde van die bate wat prysgegee is, te boek gestel.

<u>Uitgawe op eiendom, aanlegte en toerusting word gekapitaliseer sodra die erkenningskreteria, soos uiteengesit in GAMAP 17.10, voldoen is.</u>

3.4 Waardevermindering word op die reguitlyn-metode oor die nuttige leeftyd van die bate bereken. Die jaarlikse waardevermindering is gebaseer op die volgende beraam de leeftye van bates:

	Jare
Infrastruktuur	
Strate, Sypaadjies en Stormwaterdreinering	30
Elektrisiteit	20 - 30
Water	15 - 20
Riolering	15 - 20
Behuising	30
Stortingsterreine	20
Gemeenskapsbates	
Geboue	30
Ontspanningsfasiliteite	20 - 30
Sportgeriewe	20 - 30
Begraafplase	20 - 30
Ander	
Geboue	30
Motorvoertuie	5 - 7
Gereedskap	5 - 15
Kantoormeubels	5 - 7
Veiligheidsomheinings en -stelsels	10 - 15

3.5 Eiendomme, aanlegte en toerusting word uit verskillende bronne gefinansier, insluitende eksterne lenings, bedryfsinkomste, aanwendings uit die Batevervangingsreserwe (voorheen die Wentelfonds) en deur middel van bruikhuurfinansiering. Slegs die rente op eksterne finansiering word as uitgawe teen die bedryfsrekening erken Die kapitaal-element word as lantermyn verpligtinge in die balansstaat getoon.

3.6 Die wins of verlies wat voortspruit uit die verkoop van ’n bate word bepaal as die verskil tussen die gedepresieerde waarde en die verkoopprys en word as inkomste of uitgawe in die bedryfsrekening erken.

4. VOORRAAD

Geen voorrade word op ’n deurlopende grondslag aangehou en uitgereik soos benodig nie. Aan die einde van elke boekjaar word egter wel ’n opname van voorrade wat ’n wesentlike invloed op die finansiële resultate kan hê, gemaak en te boek gestel.

5. FONDSE

5.1 Wentelfonds

Die Munisipale Ordonnansie nr 20 van 1994 vereis dat ’n Plaaslike Owerheid ’n bedrag van minstens sewe en ’n half persent van die opbrengs van die algemene belasting gehef in die onmiddellike voorafgaande boekjaar tot die Wentelfonds moet bydra ten einde die fonds in stand te hou. Interne lenings kan met goedkeuring uit die Wentelfonds opgeneem word.

Asgevolg van kontantvloeiprobleme en die Raad se beperkte inkomste basis, kon die Raad vir die afgelope vier/vyf jaar nie meer aan die bydrae-vereiste tot die Fonds voldoen nie en word geen bydraes meer tot die Wentelfonds gemaak nie.

Omdat die Raad stelselmatig oorskakel na die implementering van die voorskrifte van GAMAP EN GRAP, word die Wentelfonds reeds soos die Batevervangingsreserwe

(vervangingende fonds vir die Wentelfonds) bestuur. Geen lenings word meer daaruit vir batefinansiering gemaak nie, maar wel direkte aanwendings. Alle uitstaande lenings soos op 30 Junie 2007 is gevolglik afgeskryf.

5.2 Hondebelastingfonds.

Ordonnansie 19 van 1978 vereis dat elke Plaaslike Owerheid 'n spesiale rekening stig en in stand hou waarin alle hondebelasting wat deur sodanige plaaslike owerheid ingevorder word, gestort moet word. Met die oog op implementering van GAMAP/GRAP en voorskrifte deur Nasionale Tesourie wat betref die instandhouding van fondse, sal die saldo op die Hondebelastingfonds soos op 30 Junie 2008, oorgeplaas word na Opgehoopte Surplus. Alle inkomste wat sedert 30 Junie 2007 ten opsigte van hondebelasting gevorder is, word as normale bedryfsinkomste getoon.

6. VOORSIENINGS

Voorsienings word geskep om verpligtinge of gebeurlikhede wat ten tye van die balansstaat bekend is, maar waarvan die betrokke bedrae nie met redelike sekerheid bepaal kan word nie, na te kom. Voorsienings wissel van jaar tot jaar soos omstandighede vereis, maar alle voorsienings moet voldoen aan die kreteria deur GAMAP/GRAP-Standpunte voorgeskryf.

7. RESERWES

7.1 Bedryfskapitaalreserwe

Ingevolge subartikel 10 van artikel 10G van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, Wet nr 209 van 1993, soos gewysig, het die Raad 'n Bedryfskapitaalreserwe gestig. Die doel van die reserwe is om voorsiening te maak vir moontlike kontant tekorte as gevolg van inkomste verliese indien alle debiteure nie hulle rekeninge betaal nie Die Bedryfskapitaalreserwefonds het dus hoofsaaklik gedien om on-inbare skulde teen af te skrywe en was in der waarheid maar slegs 'n voorsiening vir slegte skuld. Met goedkeuring van die Raad kon dit egter ook vir ander doeleindes aangewend word. Met die oorskakeling na GAMAP/GRAP sal hierdie reserwe egter verdwyn en sal die saldo, nadat voldoende voorsiening vir on-inbare skulde gemaak is, oorgeplaas word na die nuut ge skepte Batevervangingsfonds.

8. AFTREEVOORDELE

Die Raad voorsien aftreevoordele aan sy werknemers en raadslede. Bydraes word op 'n maandelike basis gemaak tot die Kaapse Gemeenskaplike Pensioen/Aftreefonds asook die SAMWU Voorsorgfonds, ten opsigte van alle werknemers en raadslede wat kwalifiseer.

Bydraes om die pensioen- en voorsorgfondse waaruit voordele aan lede betaal word, instand te hou, word teen inkomste gedebiteer en as uitgawe in die Inkomste- en Uitgawestaat erken.

Bogenoemde pensioen- en voorsorgfondse word op ’n provinsiale basis bestuur en aktuariële waardasies van die fondse vind op ’n gereelde grondslag plaas soos die grondwette van die verskillende fondse voorskryf. Dit is die verantwoordelikheid van die Bestuur van die verskillende fondse om toe te sien dat hierdie aspek van die grondwette nagekom word.

Tekorte in die fondse wat met aktuariële waardasies vasgestel word, word op ’n proporsionele basis van alle munisipaliteite wat lede van die fondse is, verhaal en as

uitgawe erken in die Inkomste- en Uitgawestaat van die betrokke jaar waarin die tekorte bekend en betaalbaar raak.

9. OORSKOTTE EN TEKORTE

Enige oorskot of tekort wat uit die bedryf van die Elektrisiteits- en Waterdienste voortspruit, word ten volle na die Belasting- en Algemene Dienste oorgeplaas.

Oorskotte en tekorte op die Behuisingsdiens, word oorgeplaas na die die Behuisingsontwikkelingsfonds.

10. ADMINISTRATIEWE EN ANDER BOKOSTE

Slegs die personeelverwante koste van interne hulpdienste word op ’n proporsionele grondslag toegedeel aan alle ander dienste, gebaseer op die inkomste en uitgawe van die onderskeie dienste. Die enigste afwyking van hierdie prosedure is ten opsigte van die toewysing van die bokoste van die Tegniese Dienste wat in totaal aan die verskillende dienste waaroor die Werkevoorman beheer uitoefen, toegewys word teen voorafbepaalde persentasies volgens die geskatte omvang van die beheer wat uitgeoefen word.

11. BELEGGINGS

Beleggings word teen die laagste van koste of markwaarde getoon. Beleggings word gedoen ooreenkomstig Omsendbrief nr C/46/1994 van 26 Oktober 1994.

12. INKOMSTE-ERKENNING

12.1 Inkomste uit die lewering van regstreekse dienste

Dienste heffing ten opsigte van elektrisiteit en water word bepaal volgens werklike verbruik. Waar konvensionele meters geïnstalleer is, word dit op ’n maandelikse grondslag gelees en die inkomste erken sodra die rekening aan die verbruiker gelewer word. Ten opsigte van persele waar voorafbetaalde meters geïnstalleer is, word die inkomste erken op die tydstip wat die verbruiker betaal vir die aanvulling van sy meter. Indien konvensionele meters nie gelees kan word nie, word verbruik gebaseer op die gemiddelde verbruik van minstens drie voorafgaande maande. Oor- of onderverhalings asgevolg van ’n gemiddelde aanslag, word met die eerste werklike lesing wat daarna geneem kan word, reggestel.

Dienste heffings ten opsigte van vullisverwydering word bereken volgens vasgestelde tariewe vir die verskillende klasse verbruikers en gebaseer op die frekwensies waarop die diens gelewer word. Verskillende tariewe volgens verbruikersklas en frekwensie van lewering is van toepassing. Inkomste word erken sodra die rekening aan die verbruiker gelwer word.

Heffings vir riooldienste word bereken vir elke erf volgens die bedryf wat daarop beoefen word teen verskillende tariewe vir die verskillende bedrywe. Tariewe word jaarliks deur die Raad hersien en inkomste word op 'n maandelikse grondslag erken sodra die rekening aan die verbruiker gelewer word.

Huurgelde vir eiendomme van die Raad word volgens ooreenkoms met die huurder vooruit gehef. Afhangende van die bepalings van die kontrak, word die inkomste erken op die tydstip wanneer dit betaalbaar en opeisbaar raak. Huurgelde wat op 'n ad-hoc grondslag betaalbaar is, word as inkomste erken sodra betaling by die punt van betaling ontvang word.

Inkomste uit die lewering van agentskapsfunksies word erken sodra die inkomste wat namens die opdraggewer gevorder moes word, vasgestel is. Dit geskied op 'n maandelikse basis

Erkenning van inkomste uit die verkoop van goedere, geskied op die tydstip wanneer die risiko van die verkoopte goedere oorgaan op die koper.

12.2 Inkomste uit onregstreekse dienste

Erkenning van inkomate uit eiendomsbelasting vind plaas op die tydstip waarop dit wetlik deur die eienaar verskuldig raak. Eiendomsbelasting is vooruit betaalbaar op die datum waarop dit verskuldig raak, maar eienaars het 'n keuse om dit óf in een bedrag óf oor 'n tydperk van twaalf maande in gelyke paaiemente te betaal. Rente word op agterstallige betalings gehef en as inkomste erken sodra die heffings gemaak is.

Boetes, wat insluit afkoopboetes en dagvaardigings, word as inkomste erken sodra die boete betaal word.

Donasies word op 'n kontantontvangste basis as inkomste erken, of waar die donasie eiendom, gereedskap of toerusting behels, word dit as inkomste erken wanneer die eiendom, gereedskap of toerusting in gebruik geneem word of wanneer die risiko oorgaan op die Raad.

Inkomste wat voortspruit uit die verhaling van ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose uitgawe is gebaseer op regsprosesse en die prosedure uiteengesit in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet Nr 56 van 2003). Sodanige inkomste word erken wanneer die vordering daarvan 'n voldonge feit is en 'n reg vir die Raad gevestig het.

13. VOORWAARDELIKE SKENKINGS EN TOEKENNINGS

Inkomste ontvang ten opsigte van voorwaardelike skenkings en toekennings word tot die mate erken wat daar aan die voorwaarde gekoppel aan die skenking voldoen is. Tot die mate wat daar nie ten volle uitvoering aan die voorwaarde gegee is nie, word ontvangstes as uitstaande verpligtinge in die Balansstaat getoon.

14. ONGEMAGTIGDE BESTEDING

Ongemagtigde besteding verteenwoordig uitgawe waarvoor nie begroot is nie, uitgawe wat aangegaan is, strydig met die voorwaardes waaronder skenkings van die Staat aan die munisipaliteit toegeken is, of uitgawe in die vorm van 'n toekenning of skenking strydig met die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet Nr 56 van 2003). Ongemagtigde uitgawe word as uitgawe erken in die Bedryfs-

rekening en waar dit verhaal word, word dit as sodanige inkomste in dieselfde rekening openbaar gemaak.

15. ONREëLMATIGE BESTEDING

Onreëlmatige besteding verteenwoordig uitgawe wat in stryd is met die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet Nr 56 van 2003), die Wet op Munisipale Stelsels (Wet Nr 32 van 2000), die Wet op Openbare Ampsdraers (Wet Nr 20 van 1998) of strydig is met die munisipaliteit se voorsieningskanaal-bestuursbeleid. Onreëlmatige besteding sluit nie ongemagtigde besteding in nie. Onreëlmatige besteding word as uitgawe in die Bedryfsrekening erken en indien dit verhaal word, word dit as sodanige inkomste in dieselfde rekening erken.

16. **VRUGTELOSE EN VERKWISTE BESTEDING**

Vrugtelose en verkwiste besteding verteenwoordig uitgawe wat onnodig aangegaan is en wat vermy kon gewees het indien redelike sorg aan die dag gelê was. Vrugtelose en verkwiste besteding word as uitgawe in die Bedryfsrekening erken en indien dit verhaal word, word dit as inkomste in dieselfde rekening erken.

BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2008

	Aantekening	2 008 R	2 007 R
KAPITAAL AANGEWEND			
FONDSE EN RESERWES		6 645 995	7 482 708
Statutêre fondse	1	5 495 759	6 332 471
Reserwes	2	1 150 237	1 150 237
ONAANGEWENDE SURPLUS	14	6 092 745	4 644 800
		12 738 741	12 127 507
TRUSTFONDSE	3	-	-
LANGTERMYNVERPLIGTINGE	4	-	-
VERBRUIIKERSDEPOSITOS: DIENSTE	30	201 544	192 899
		12 940 285	**12 320 406**
AANWENDING VAN KAPITAAL			
VASTE BATES	5	-	757 290
BELEGGINGS	6	-	-
LANGTERMYNDEBITEURE	7	-	-
		-	757 290
NETTO BEDRYFSBATES/(LASTE)		12 940 285	11 563 116
BEDRYFSBATES		16 161 766	15 045 860
Voorraad	8	898 816	29 302
Debiteure	9	2 705 536	1 483 166
Verskuldigde Voorwaardelike Skenkings	10	570 959	2 362 179
Korttermynbeleggings	6	11 548 730	11 170 562
Korttermyngedeelte van langtermyn debiteure	7	-	-
Batige Banksaldo	11	437 076	-
Kontant	11	650	650
BEDRYFSLASTE		3 221 482	3 482 744
Krediteure	12	217 935	307 376
Ongespandeerde Voorwaardelike Skenkings	13	2 700 903	2 015 092
Voorsienings	15	302 644	381 848
Korttermyngedeelte van langtermyn verpligtinge	4	-	-
Bankoortrekking	11	-	778 428
		12 940 285	**12 320 406**

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR WAT OP

30 JUNIE 2008 GEëINDIG HET

2 007 Werklike inkomste R	2 007 Werklike uitgawe R	2 007 Oorskot/ (Tekort) R		2 008 Werklike inkomste R	2 008 Werklike uitgawe R	2 008 Oorskot/ (Tekort) R	2 008 Begroting Oorskot/ (Tekort) R
12 822 324	**13 458 456**	**(636 132)**	**BELASTING- EN ALGEMENE DIENSTE**	**14 454 985**	**14 821 998**	**(367 014)**	**(1 457 767)**
10 899 165	**9 924 514**	**974 652**	**Gemeenskapsdienste**	**12 129 287**	**10 033 659**	**2 095 629**	**1 001 066**
20 994	**807 389**	**(786 395)**	**Gesubsidieerde Dienste**	**64 275**	**1 154 602**	**(1 090 327)**	**(1 139 612)**
1 902 165	**2 726 553**	**(824 388)**	**Ekonomiese Dienste**	**2 261 422**	**3 633 738**	**(1 372 315)**	**(1 319 221)**
56 909	**56 909**	**-**	**Behuisingsdiens**	**29 102**	**29 102**	**-**	**(33 364)**
3 265 625	**3 349 783**	**(84 157)**	**Handelsdienste**	**3 717 501**	**4 121 898**	**(404 396)**	**(748 494)**
16 144 858	**16 865 147**	(720 289)	**TOTAAL**	**18 201 587**	**18 972 998**	**(771 410)**	**(2 239 625)**
		2 624 069	Aanwendings vir die jaar (Verwys na aantekening 14)			2 219 356	
		1 903 780	**Netto oorskot/(tekort) vir die jaar**			1 447 946	
		2 741 020	Onaangewende oorskot/ (Opgehoopte tekort) aan die begin van die jaar			4 644 800	
		4 644 800	**Onaangewende oorskot/ (Opgehoopte tekort) aan die einde van die jaar**			**6 092 745**	

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR WAT OP

30 JUNIE 2008 GEëINDIG HET

	Aant	2 008	2 007
KONTANT TERUGGEHOU UIT BEDRYWIGHEDE		4 314 146	302 079
Kontant deur bedrywighede voortgebring	20	2 608 198	1 766 588
Beleggingsinkomste	16	1 410 241	994 318
(Toename)/Afname in bedryfskapitaal	21	295 707	(2 458 827)
		4 314 146	302 079
Min: Eksterne rente betaal	16	-	-
Kontant beskikbaar uit bedrywighede		4 314 146	302 079
Netto opbrengs uit die verkoop van bates			
KONTANT GEBRUIK VIR BELEGGINGSBEDRYWIGHEDE			
Belegging in vaste bates	5	(2 720 475)	(1 343 408)
NETTO KONTANTVLOEI		1 593 672	(1 041 329)
KONTANTUITWERKING VAN FINANSIERINGSBEDRYTWIGHEDE			
Toename/(Afname) in langtermyn lenings	22	-	-
(Toename)/Afname in kontantbeleggings	24	(378 168)	(199 706)
(Toename)/Afname in kontant	22	(1 215 504)	1 241 035
		(1 593 672)	1 041 329

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIëLE STATE OP 30 JUNIE 2008

	2 008 R	2 007 R
1 STATUTêRE FONDSE		
Wentelfonds	4 295 650	5 154 600
Behuisingsontwikkelingsfonds	1 122 557	1 100 319
Hondebelastingfonds	77 552	77 552
	5 495 759	6 332 471
2 RESERWES		
Bedryfskapitaalreserwe	1 140 575	1 140 575
Onderhoudsreserwe	9 662	9 662
	1 150 237	1 150 237
3 TRUSTFONDSE		
	-	-
(VERWYS NA AANHANGSEL A VIR MEER BESONDERHEDE)		
4 LANGTERMYN VERPLIGTINGE		
Vaste termyn lenings	-	-
Annuiteitslenings	-	-
Staatslenings	-	-
	-	-
5 VASTE BATES		
Vaste bates aan begin van die jaar	57 640 050	56 296 642
Kapitaaluitgawe gedurende die jaar	2 720 475	1 343 408
Oorplasings, regstellings en herwaardasies	34 474	0
Min: Bates gedurende die jaar afgeskryf, oorgeplaas of mee weggedoen		
	60 394 999	57 640 050
Min: Lenings gedelg, ander kapitaalontvangstes en waardevermindering	(60 394 999)	(56 882 759)
	0	757 290
6 BELEGGINGS		
6.1 <u>Genoteer:</u>		
Geen	-	-
6.2 <u>Ongenoteer:</u>		
Geen	-	-

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIëLE STATE OP 30 JUNIE 2008 (vervolg)

6 BELEGGINGS (VERVOLG)	2 008	2 007

		R		R
6.3 Finansiële Instellings:				
6.3.1 Langtermyn:				
Geen		-		-
6.3.2 Korttermyn:				
ABSA		10 902 221		10 575 619
Standard Bank		646 508		594 943
Totale Beleggings: Finansiële Instellings		**11 548 730**		**11 170 562**
TOTALE BELEGGINGS		**11 548 730**		**11 170 562**
7 LANGTERMYN DEBITEURE				
Motorlenings: Personeel		-		-
Persoonlike lenings: Personeel		-		-
Persoonlike lenings: Raadslede		-		-
Min: Korttermyn gedeelte van langtermyndebiteure oorgeplaas na bedryfsdebiteure		-		-
		-		-
8 VOORRAAD				
Melkpoeier		30 782		29 302
Klipbrekergruis		364 034		
19mm Gebreekte klip		504 000		
		898 816		29 302
9 DEBITEURE				
Eiendomsbelasting		896 402		643 948
Dienste		343 374		287 896
Behuising: Selfbouskemas		63 209		54 695
Behuising: Verkoopskemas		73 875		79 317
Behuising: Verhuurskemas		16 400		11 739
Vrugtelose uitgawe		252 325	*	-
Staat vir subsidies/ander bydraes		581 719		326 141
Diverse deposito's		26 972		26 972
Ontwikkelingskoste: Laekoste huise		70 283		-
SARS vir Insetbelasting		258 256		-
